

# NUUSBRIEF

September 2023

## INHOUDSOPGAWE

1. Voorsitter se verslag
2. Finansiële state: 31 Desember 2022
3. Beleggingstrategie
4. Fondsbeleggings
5. Vroeë toegang tot aftreespaargeld: die "tweepotstelsel"
6. Verbetering van in-fonds lewende annuïteite (Reëlwysiging)
7. Versekering dat geliefdes versorg is
8. Administrasieskuif van Sanlam na Alexforbes
9. Finansiële advies
10. Belangrike kontakbesonderhede

### 1. Voorsitter se verslag

In Februarie se nuusbrieff het ek geskryf oor die moeilike omstandighede vir spaar, en hoe belangrik dit is om veerkragtige beleggingsportefeuljes op te bou. Dit ly geen twyfel nie dat die Suid-Afrikaanse verbruiker steeds baie uitdagings het. Beurtkrag het op hoër vlakke as tevore voortgeduur en ekonomiese groei belemmer. As Raadslede herinner ons onself deurentyd dat spaar vir aftrede 'n langtermyn doelwit is. As ons in moeilike tye kan spaar, sal ons in 'n gunstige posisie wees om in beter tye beloon te word.

Die Groeiportefeulje het ondanks moeilike marktoestande baie goeie langtermyn-opbrengste van 12.4% per jaar sedert aanvang behaal. Die buitelandse blootstelling van die Groeiportefeulje is opgestoot tot 45%, die maksimum wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank toegelaat word. Daar is ook indirekte buitelandse blootstelling via JSE-genoteerde maatskappye wat 'n beduidende deel van hul inkomste van buitelandse bronne ontvang. Die groter buitelandse blootstelling sal tot 'n meer gediversifiseerde portefeulje lei en oor die lang termyn waarde tot die portefeulje toevoeg.

Die Fonds se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2022 is geoudit deur Ernst & Young, wat 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik het. Die finansiële jaarstate is by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

Die nuusbrieff sluit nuus in oor die Nasionale Tesourie se voorstel vir vroeë toegang tot aftreespaargeld, maar kry gerus meer inligting hieroor op ons [SURF-webwerf](#).

Lede sal opmerk dat die administrasie van die Fonds in 2024 van Sanlam na Alexforbes skuif. Meer kommunikasie hieroor volg later, maar die Raad wil lede graag die versekering gee dat die verandering van administrateur geen impak op hul Fondsbeleggings sal hê nie. Dit is net die administrasieplatform wat verander. SURF het 'n trotse geskiedenis van dienslewering aan sy lede en die Raad van die Fonds is steeds toegewyd om die diensstandaarde te handhaaf.

Ons sê ook dankie aan die sowat 1 100 van ons lede wat tyd afgestaan het om die voordeelopname te voltooi. Die Fonds waardeer jul waardevolle terugvoer.

Vriendelike groete



**Prof Niel Krige**

Voorsitter

## 2. Finansiële state: 31 Desember 2022

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2022 is aan die Oudit- en Risikokomitee van die Raad van Trustees voorgelê. SURF se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Oudit- en Risikokomitee die finansiële state goedgekeur en die state by die FSCA ingedien.

## 3. Beleggingstrategie

### Kan ons die toekoms voorspel?

“Ekonomie se vermoë om gebeure te voorspel, was nog altyd verskriklik swak. Dit is vereenvoudiging in die ergste graad – dis soos medisyne uit die Middeleeue.”

#### Nassim Nicholas Taleb

Taleb is 'n hoogaangeskrewe skrywer oor die aard van beleggingsmarkte en -risiko. Hoewel sy siening hierbo miskien deur sommige as kras beskou word, beklemtoon hy die uiters belangrike punt dat dit baie moeilik is om – veral oor kort metingstydperke – die toekoms van beleggingsmarkte te voorspel. Die uitdaging lê daarin dat die onderliggende sisteem kompleks is, en in reaksie op nuwe inligting deurentyd aanpas.

#### Die invloed van tegnologie

Tegnologie was die afgelope dekade 'n groot dryfveer vir internasionale aandelemarkopbrengste, soos blyk uit die skitterende prestasie van die groot tegnologiemaatskappye (die sogenaamde “Magnificent Seven”) wat volgens die mark sterk sal baat vind by kunsmatige intelligensie (KI).

Tien jaar gelede het bitter min beleggers geglo hierdie tegnologiemaatskappye kan so groot en suksesvol word soos hulle vandag is. Hulle het die impak van globalisering onderskat, en ook die vermoë van firmas soos Microsoft en Amazon om nuwe produkte en dienste te ontwikkel wat in die behoeftes van hul kliënte voorsien.

Vandag lyk sake natuurlik baie anders, en beleggers begroot vir baie hoë toekomstige verdienstegroei afkomstig van hierdie maatskappye. Indien beleggers egter te optimisties oor toekomstige verdienste is, kan die aandeelpryse van hierdie maatskappye skerp daal, maar as verdienstegroei selfs nog beter is as wat verwag is, kan die aandeelpryse selfs nog verder styg.

#### Saamvoeging van verskillende beleggingsidees en -temas

Dit sou fantasties gewees het as die Fondstrustees die toekoms van die beleggingsmark akkuraat kon voorspel, maar soos die geskiedenis bewys, sou dit op niks uitloop nie. Wat die trustees eerder gedoen

het, is om veerkrachtige portefeuljes op te bou wat in 'n verskeidenheid idees (waaronder tegnologie) belê, op grond van verskillende beleggingstermyne en risikoprofiële.

In die Groeiportefeulje is die fokus om redelike opbrengste te behaal. Die Groeiportefeulje sal nie noodwendig elke keer die toppresterder wees nie, maar dit streef topkwartiel-prestasie in verskillende marktoestande na. Dit is die verstandige en gepaste benadering, met inagneming van hoe moeilik dit is om toekomstige beleggingsopbrengste akkuraat te voorspel.

Aftreefondse soos SURF word deur plaaslike valutabeheerwetgewing beperk tot 'n maksimum buitelandse beleggingsblootstelling van 45%. Dit beteken 'n groot persentasie van die Fonds se bates word plaaslik belê, en indien uitkomst in Suid-Afrika heelwat erger sou wees as wat verwag is, sal lede heel waarskynlik swak beleggingsopbrengste ervaar. Daarom is daar wetlike perke (soos die 45% perk op buitelandse blootstelling) op die mate waarin die Fonds teen swak plaaslike uitkomst kan diversifiseer. Die Fonds se Beleggingssubkomitee en hul beleggingsadviseurs bestee heelwat tyd aan die ontleding en identifisering van die regte plaaslike bestuurders.

Ten slotte is die Fonds se Absolute Opbrengs- en Kapitaalbeskermingsportefeuljes bedoel vir lede met 'n korter beleggingshorison. Hierdie portefeuljes het ook baie goeie opbrengste behaal, met inagneming van hul onderskeie mandate en marktoestande.

## 4. Fondsbeleggings


Die Fonds se beleggingsportefeuljes het goeie opbrengste vir die jaartydperk tot 30 Junie 2023 behaal, danksy sterk opbrengste op aandele in die plaaslike en internasionale ontwikkelde markte. Lede word egter gemaan om eerder op die langertermyn-opbrengste te fokus.

Die prestasie van die Fonds se portefeuljes (na aftrekking van fooie) oor metingstydperke tot 30 Junie 2023 word in die afdeling hieronder toegelig. Nader inligting is beskikbaar in die portefeuljes se feiteblaai, wat op die Fonds se webwerf ([www.surf.sun.ac.za](http://www.surf.sun.ac.za)) gelees kan word.

## Groeiportefeulje

Die Groeiportefeulje het 'n langtermyn-beleggingshorison. Die portefeulje sal altyd 70% tot 85% blootstelling aan die aandelemark hê. Dit beteken die portefeulje se opbrengste sal onbestendig wees en daar kan tydperke van negatiewe opbrengste wees. Oor langer metingstydperke behoort beleggers egter beloon te word vir die groter risiko wat hulle aanvaar, mits die beleggingsmarkte veerkragtig kan herstel.

*Groeiportefeulje se opbrengste na aftrekking van fooie*




Die volgorde van data op die horisontale as van die grafiek is ietwat ongewoon, omdat dit met die 10-jaaropbrengs begin en met die 1-jaaropbrengs eindig. Die rede hiervoor is dat lede op die langertermyn-opbrengste behoort te fokus. Die portefeulje het oor die afgelope 10 jaar 'n jaarlikse opbrengs van 5% bo inflasie gelewer, wat waarskynlik 'n billike beloning is vir die gepaardgaande risiko.

## Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Soos die naam aandui, is hierdie portefeulje bedoel om effens meer aggressief te wees as die Groeiportefeulje. Die portefeulje bestaan nog net 6 jaar en 5 maande, maar soos die grafiek hieronder toon, het dit te midde van moeilike marktoestande goed presteer.


*Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se opbrengste na aftrekking van fooie*



## Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje is geskik vir lede wat 'n korter beleggingshorison het. Die portefeulje sal gewoonlik net 35% tot 45% blootstelling aan die aandelemark hê. Dit het ook ten doel om 'n positiewe opbrengs oor deurlopende 12-maandetydperke te lewer, hoewel dit noodwendig soms negatief sal presteer oor 12 maande.

*Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje*




Die slim leser sal oplet dat die volgorde van die opbrengste op die konvensionele wyse aangedui word, met die kortste termyn eerste. Dit is omdat die portefeulje geskik is vir lede met 'n korter beleggingshorison, soos hierbo genoem.

## Shari'ah-portefeulje

Die portefeulje het 60% tot 70% blootstelling aan aandelemarkte en word ooreenkomstig Shari'ah-wette bestuur.


*Shari'ah portefeulje se opbrengste na aftrekking van fooie*




## Kapitaalbeskermingsportefeulje

Hierdie portefeulje belê ten volle in geldmark-tipe instrumente en is geskik vir lede met 'n baie kort beleggingshorison. As gevolg van die korttermyn-aard van hierdie portefeulje wys ons net prestasie vir tydperke tot vyf jaar, hoewel die portefeulje 'n langer prestasiegeskiedenis het.

*Kapitaalbeskermingsportefeulje se opbrengste na aftrekking van foioe*



Die Kapitaalbeskermingsportefeulje het oor die verskillende metingstydperke opbrengste gelewer wat inflasie klop.



## Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje

Hierdie portefeulje is bedoel vir lede wat dit oorweeg om by aftrede 'n inflasiegekoppelde annuïteit aan te skaf. Die onderliggende konsep van hierdie portefeulje is dat die beleggingsopbrengs van minder belang is, omdat die portefeulje streef om die verandering in die prys van 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit te ewenaar.

Effens eenvoudiger gestel – as rentekoerse styg, sal die waarde van hierdie portefeulje afneem. Die koste van 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit sal egter terselfdertyd ook afneem. Indien die kostedaling so te sê die waardevermindering van die portefeulje ewenaar, sal jy nog steeds dieselfde pensioen as tevore kan koop.

Hierdie portefeulje is net op 'n keusegrondslag beskikbaar en omdat dit so ingewikkeld is, is dit raadsaam om finansiële advies in te win voordat jy jou geld hierin belê.

## 5. Vroeë toegang tot aftreespaargeld: die “tweepot-stelsel”

Heelwat is al geskryf oor die sogenaamde “tweepot-stelsel”. Wanneer die voorgestelde stelsel bekragtig word, sal dit gedeeltelike vroeë toegang tot aftreespaargeld moontlik maak. Die wetgewing is ook daarop gemik om aftree-uitkomst vir lede met die bewaring van aftreespaargeld te verbeter.

Lede word daaraan herinner dat die wetgewing nog nie bekragtig is nie. Belanghebbendes was genooi om kommentaar te lewer op die konsepwetgewing (die sluitingsdatum vir kommentaar was 15 Julie) en die terugvoer van verskillende bedryfsbelanghebbendes word tans oorweeg. Die inligting hieronder gee 'n oorsig van die stelsel wat voorgestel word. Die voorgestelde implementeringsdatum is 1 Maart 2024 en die administrateurs van aftreefondse is tans besig met uitgebreide stelselveranderinge wat deur die wetgewing vereis sal word.

Die voorstel is dat al jou bydraes tot die aftreefonds vanaf 1 Maart 2024 aan twee verskillende potte toegewys word – 'n aftreepot en 'n spaarpot. Een derde van bydraes sal na die spaarpot gaan, waartoe jy vroeë toegang sal kan kry. Twee derdes van die bydraes sal na die aftreepot gaan. Geen onttrekkings sal uit die aftreepot aangegaan kan word nie. Wanneer jy uit diens bedank, sal jy nie toegang tot die aftreepot hê nie. Die geld in die aftreepot sal gebruik word om jou gedurende aftrede van 'n maandelikse pensioen te voorsien.

Vir bestaande lede sal 'n derde “pot” geskep word vir die beskerming van hul regte ten opsigte van hul voordeel in die fonds voordat die wetgewing in werking tree. Hierdie gevestigde pot sal die geld in jou aftreefonds(e) soos op 29 Februarie 2024 wees. Geen verdere bydraes kan tot die gevestigde pot gelewer word nie, behalwe in die geval van lede van voorsorgfondse wat op 1 Maart 2021 reeds 55 of ouer was. Hulle sal nog toegelaat word om bydraes tot hierdie pot te maak.

Die huidige bedeling wat voor 1 Maart 2024 van krag is, sal van toepassing wees ten opsigte van die gevestigde pot. Dit beteken lede sal by bedanking uit diens toegang hê tot hierdie pot.




## Gereelde vrae

	Gevestigde pot	Spaarpot	Aftreepot
<b>Hoeveel van my aftreegeld sal na elke pot gaan wanneer die nuwe stelsel in werking tree?</b>	Die waarde van 'n lid se voordeel soos op 29 Februarie 2024 sal na die gevestigde pot gaan (minus die bedrag wat as 'n beginsaldo aan die spaarpot toegewys word).	Die spaarpot sal 10% van die waarde van 'n lid se voordeel hê (tot 'n maksimum van R25 000) om mee te begin.	Daar sal nie geld in die aftreepot wees om mee te begin nie.
<b>Na watter pot gaan my aftreefondsbydraes?</b>	Geen bydraes sal ná 1 Maart 2024 na hierdie pot gaan nie, behalwe in die geval van lede van voorsorgfondse wat op 1 Maart 2021 reeds 55 of ouer was.	1/3 van bydraes ná 1 Maart 2024 sal na die spaarpot gaan.	2/3 van bydraes ná 1 Maart 2024 sal na die aftreepot gaan.
<b>Wat kan ek onttrek terwyl ek in diens is?</b>	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan terwyl jy in diens is nie.	Onttrekkings word toegelaat, en die minimum onttrekkingsbedrag is R2 000 per jaar (onderhewig aan die waarde in hierdie pot).	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie.
<b>Wat kan ek onttrek wanneer ek voor aftrede diens verlaat?</b>	Jy kan die volle saldo onttrek.	Jy kan die volle saldo onttrek. Een onttrekking word per belastingjaar toegelaat, behalwe as die bedrag in die spaarpot minder as R2 000 is.	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie.
<b>Wat kan ek onttrek (in kontant ontvang) wanneer ek uit diens aftree?</b>	As 'n voorsorgfondslid word jy toegelaat om die volle saldo soos op 1 Maart 2021 plus groei daarop in kontant te neem by aftrede. Die saldo na 1 Maart 2021 opgebou, plus die geld in die aftreepot, moet gebruik word om 'n inkomste gedurende aftrede te verskaf. Onthou om advies in te win oor die belastingimplikasies en annuïtiseringsopsies wat deur die Fonds aangebied word.	Jy kan die volle saldo onttrek.	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie – die bedrag moet gebruik word om deur middel van 'n annuïteitprodukt 'n inkomste gedurende aftrede te verskaf.
<b>Belasting</b>	Dit sal volgens die huidige belasting-bedeling belas word (belastingtabelle vir onttrekkings of enkelbedrae by aftrede sal geld).	Enige onttrekkings uit hierdie pot voor aftrede sal volgens die belastingtabelle vir individue (LBS) belas word.	Jy kan nie onttrekkings uit hierdie pot aangaan nie en die belasting sal dus bereken word op die annuïteitinkomste wat aan die afgetredene betaal word.

Dit is belangrik om daarop te let dat jy, afgesien van die aanvangsbedrag (10% van jou voordeelwaarde tot 'n maksimum van R25 000), vanaf 1 Maart 2024 nie toegang tot die saldo in jou gevestigde pot sal hê nie. Dit sal tyd verg om 'n saldo in jou spaarpot op te bou met die 1/3 van jou maandelikse bydraes ná 1 Maart 2024. 'n Onttrekking kan eers aangegaan word wanneer daar meer as R2 000 in die spaarpot is, en ook net een keer per jaar.

## Belangrike notas vir lede:

- Onttrekkings uit die spaarpot voor aftrede sal volgens die belastingtabelle vir individue (LBS) belas word.
- Die administrasiekoste verbonde aan onttrekkings uit die spaarpot sal afgetrek word van die voordeel wat betaal word.
- Onttrekkings uit jou spaarpot sal beteken dat jy minder vir aftrede spaar.



As gevolg van die impak van belasting en administrasiekoste, word lede dus aangemoedig om nie onttrekkings uit die spaarpot aan te gaan nie, tensy dit uiters nodig is. Raadpleeg asseblief jou finansiële adviseur voordat jy onttrekkings uit jou spaarpot aangaan. Die SURF webtuiste ([www.surf.sun.ac.za](http://www.surf.sun.ac.za)) sal ook voortdurend aangepas word met inligting wat beskikbaar gemaak word.

## 6. Verbetering vir in-fonds lewende annuïteite (Reël wysiging)

### Goeie nuus vir lede!

Voor die reël wysiging kon net die afgetredene en die gade van 'n in-fonds lewende annuïtant die in-fonds lewende annuïteit-aanbod benut. SURF se reëls in verband met in-fonds lewende annuïteite is met ingang van 1 Maart 2023 gewysig om die aanbod uit te brei na die gade van 'n lid wat te sterwe gekom het terwyl die lid in diens was.

Die reël wysiging gee ook die gade groter buigsaamheid om 'n deel van die toegewese voordeel in kontant te neem en met die oorblywende bedrag die in-fonds lewende annuïteit te koop. Dit kan aangewend word in die proses van doeltreffende belastingbeplanning vir die gade.

## 7. Versekering dat geliefdes versorg is

### Goedgekeurde sterftedekking – Gade- en kinderpensioendekking

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kwalifiserende kinders' het nie, kan jy kies om nie SURF se gade- en kinderpensioendekking te kry nie.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde sterftevoordeel te hê nie, en later wel **trou en/of kwalifiserende kinders** het, sal jy SURF se versekerde sterftevoordeel moet kies (binne drie maande na die lewensgebeurtenis) om te verseker dat daar na jou gade en/of kwalifiserende kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom. Indien jy nie die voordeel kies nadat jy getroud is en/of 'n kind het nie, en te sterwe kom, sal jou gade en/of kwalifiserende kinders nie die gade- en kinderpensioene ontvang nie en in 'n kwesbare posisie gelaat word.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / [sun-e-hr@sun.ac.za](mailto:sun-e-hr@sun.ac.za) vir meer inligting oor hoe om na 'n lewensgebeurtenis hierdie dekking te kry.



\*Klik [hier](#) of scandeer QR kode om die voordeelbeleid te lees, wat die omskrywings van kwalifiserende gade en kind insluit.

<https://www.sun.ac.za/afrikaans/human-resources/hr-documents/policies-procedures>

### Hoekom dit so belangrik is om 'n benoemingsvorm in te vul

Dit is belangrik om jou begunstigdebenedoemingsvorm vir die nie-goedgekeurde groeplewensdekking op datum te bring – veral wanneer daar 'n lewensveranderende gebeurtenis plaasvind (soos egskeiding, die geboorte/aanneming van 'n kind of die dood van 'n benoemde).

Indien die oorlede lid **nie** 'n begunstigde **benoem** het nie, of waar die benoeming ongeldig is, moet die versekeraar die voordeel aan die oorlede lid se boedel betaal. Dit is nie ideaal nie, want dit sal beteken begunstigdes moet die lang en duur proses deurmaak om die bestorwe boedel by die Meester van die Hoë Hof aan te meld vir beredding. Dit sluit die aanstelling van 'n eksekuteur in, wat 'n distribusierekening sal moet opstel en dit moet adverteer en ter insae beskikbaar moet stel. Hierdie uitgerekte proses kan vermy word indien lede hul begunstigdes duidelik identifiseer deur die benoemingsvorm in te vul.

Lede word dus sterk aangemoedig om 'n benoemingsvorm in te vul. Jy kan hierdie vorm maklik voltooi deur jou selfhelp-funksionaliteit (sun-e-HR) te gebruik. Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) vir meer inligting oor hoe om jou begunstigdebeneemingsvorm op datum te bring.

## Ongeskiktheidsdekking vir jou gade

Lede wat gadedekking het, sal daarvan bewus wees dat die polis 'n enkelbedrag van twee keer jou jaarlikse pensioengewende salaris uitbetaal indien jou gade te sterwe kom.

Iets waarvan nie alle lede bewus is nie, is dat daar ook 'n ongeskiktheidsvoordeel van twee keer jaarlikse pensioengewende salaris aan die polis gekoppel is. Indien jou gade permanent ongeskik raak weens siekte of 'n ongeluk, kan 'n eis by die versekeraar ingedien word. Die versekeraar sal dan bepaal of die siekte of besering tot permanente ongeskiktheid gelei het. Dit is belangrik om kennis te neem dat hierdie besluit nie by die werkgewer nie, maar by die versekeraar berus. Indien die versekeraar die ongeskiktheidsvoordeel goedkeur, sal dit as 'n "versnelde sterftevoordeel" uitbetaal word – d.i. die gadedekking wat vroeër uitbetaal word.

## 8. Administrasieskuif van Sanlam na Alexforbes

Na aanleiding van Sanlam se besluit om die deel van sy aftreefonds-administrasiebesigheid wat vrystaande aftreefondse administreer, aan Alexforbes te verkoop, lig die Raad graag lede van SURF in dat die administrasie van die Fonds in 2024 na Alexforbes skuif. Die besluit is in Julie 2023 deur die Raad van Trustees geneem en deur die Rektooraat ondersteun. Die Raad en sy Beleggingssubkomitee het deeglik besin en gedebatteer oor die besluit om 'n vrystaande fonds te bly en die administrasie na Alexforbes te skuif. Lede kan gerus wees dat die verandering van administrateur nie 'n invloed op die Fonds se beleggings sal hê nie, en ook nie tot 'n hoër administrasiefooi sal lei nie. Die lede van die Fonds se Beleggingssubkomitee sluit vooraanstaande bedryfskenners in wat as onafhanklike komiteeledede optree en toegewyd bly om die Fonds te dien.

Kommunikasie oor die implementering van die administrasieskuif sal te geleëner tyd aan lede gestuur word. Die Fonds sal ook deur sy adviseurs en beide die nuwe en bestaande administrateur bygestaan word om 'n seepgladde oorskakeling vir lede te verseker.

## 9. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

Die paneel van gekose diensverskaffers bestaan uit:

**Alexforbes Finansiële Beplanningskonsultante:**  
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@alexforbes.com

**FinFocus:**  
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

**Graviton:**  
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

**Momentum Consult:**  
+27 (0) 86 177 7750 | mc.theart@consultm.co.za

**Sanlam Finansiële Advies:**  
+27 (0) 83 375 9831 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

### Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

## 10. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelskonsultant in verbinding tree.

Kontak asseblief die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.

Hoofbeampte

**Japie Kotzé**  
Tel: +27 (0)21 808 2754  
Epos: [jjsk@sun.ac.za](mailto:jjsk@sun.ac.za)

Inligtingsbeampte

**Japie Kotzé**  
Tel: +27 (0)21 808 2754  
Epos: [jjsk@sun.ac.za](mailto:jjsk@sun.ac.za)

Voordeelskonsultant

**Wynand Breytenbach**  
Tel: +27 (0)21 912 3300  
Epos: [wynand@simekaconsult.co.za](mailto:wynand@simekaconsult.co.za)

Vergoedings- en Voordele-afdeling

**Peter Kirsten**  
Tel: +27 (0)21 808 3740  
Epos: [pkirsten@sun.ac.za](mailto:pkirsten@sun.ac.za) / [sun-e-hr@sun.co.za](mailto:sun-e-hr@sun.co.za)

Pensioenfondsberegter (PFB)

Epos: [enquiries@pfa.org.za](mailto:enquiries@pfa.org.za)  
Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webwerf ([www.pfa.org.za](http://www.pfa.org.za)) vir meer besonderhede.